PROVINSIALE KENNISGEWING 163 VAN 2019

KENNISGEWING INGEVOLGE ARTIKEL 17 (1) VAN DIE RUSTENBURG PLAASLIKE MUNISIPALITEIT RUIMTELIKE BEPLANNING EN GRONDGEBRUIKBESTUURS VERORDENING, 2018 VIR 'N VERANDERING VAN DIE GRONDGEBRUIKSREGTE BEKEND AS 'N HERSONERING. RUSTENBURG WYSIGINGSKEMA 1996.

Die firma NE Town Planning BK (Reg Nr: 2008/2492644/23), synde die gemagtigde agent van die eienaar van die **Resterende Gedeelte van Hoewe 11 Waterglen Landbouhoewe, Registrasie Afdeling J.Q., Noord-Wes Provinsie,** gee hiermee ingevolge, Artikel 17(1)(d) van die Rustenburg Plaaslike Munisipaliteit Ruimtelike Beplanning en Grondgebruikbestuur Verordening, 2018 kennis dat ons by Rustenburg Plaaslike Munisipaliteit aansoek gedoen het vir die verandering van die grondgebruikregte, ook bekend as die hersonering van die eiendom hierbo beskryf, geleë 14km Suid vanaf die Rustenburg SSK en 800m Oos vanaf die R24 in die Waterglen Landbouhoewe area, vanaf "Landbou" na "Spesiaal" vir 'n Inrigting soos omskryf in Bylae 2295 tot die Skema. Hierdie aansoek behels A) dat die eiendom gebruik sal word vir 'n kinder versorgingstehuis B) die aangrensende eiendomme asook eiendomme in die omgewing kan moontlik hierdeur geraak word. C) Die hersonering vanaf "Landbou" na "Spesiaal" vir 'n Inrigting behels dat die bestaande geboue sowel as nuwe geboue gebruik sal word vir die doeleindes van 'n kinder versorginstehuis. Bylae 2295 bevat die volgende ontwikkelingsparameters: Maks Hoogte: 2 verdiepings, Maks dekking: 10%, Maks VOV: 0.10. Enige besware of kommentaar, met gronde daarvoor asook kontakbesonderhede, kan gebring word binne 'n tydperk van 28 dae vanaf die eerste datum waarop die kennisgewing verskyn het na die **Munisipaliteit: Kamer 319, Missionary Mpheni House**, h.v. Nelson Mandela en Beyers Naude Rylane, Rustenburg, of na Posbus 16, Rustenburg 0300. Besonderhede en planne (indien enige) is beskikbaar vir inspeksie gedurende gewone kantoorure by die bovermelde kantore, vir 'n tydperk van 28 dae van die datum van eerste publikasie van die kennisgewing in die Provinsiale Gazette, Beeld en Citizen en/of terrein kennisgewing. Sluitingsdatum vir enige besware: **17 September 2019**. Adres van applikant: **155 Kockstraat, Suite 204, De Dak, Rustenburg 0299 of NE Stadsbeplanners BK, Posbus 5717, RUSTENBURG, 0300**; **Telefoon nr: 014 592 2777**. Datums waarop kennisgewings gepubliseer word: **20 en 27 Augustus 2019**

20–27